KANTAR

**Kantar South Africa**

**PRIVAATHEIDS- EN KOEKIEBELEID VIR OPNAMES** (“Beleid”)
Laas bygewerk: Maart 2022

**Inleiding:**

Ons opnames word deur Kantar South Africa (Pty) Limited uitgevoer.

Ons voer marknavorsing namens kliënte uit. Die kliënt is die meeste van die tyd die verantwoordelike party (ook bekend as ’n databeheerder) en tree ons op as die operateur (ook bekend as ’n dataverwerker).

Ons vra dat u hierdie privaatheidsbeleid noukeurig lees.

Vir die doeleindes van hierdie beleid word “persoonlike inligting” gedefinieer as inligting wat verband hou met ’n lewende individu en/of ’n maatskappy (waar van toepassing) en wat dit kan identifiseer.

**Wettige inwinning en aanwending:**

Hierdie beleid verduidelik hoe ons die persoonlike inligting inwin, bewaar en aanwend wat u verskaf wanneer u vir ons aan ’n aanlyn, aangesig-tot-aangesig-, pos- of telefoniese opname deelneem.

Wanneer ons opnames uitvoer, identifiseer ons onderhoudvoerders/platforms en vraelyste ons duidelik, en verduidelik die doelwit(te) waarom ons u kontak en, indien van toepassing, die doel waarvoor ons u persoonlike inligting inwin. U mag enige tyd weier om enige vrae te beantwoord of u deelname aan ’n opname staak.

Wanneer ons u kontak, gewoonlik persoonlik, per telefoon, per e-pos of in die pos, doen ons dit vir die volgende doelwitte:

| **Saak** | **Doelwit** | **Data ingewin/verwerk** | **Regsgronde** |
|---|---|---|---|
| Uitnodiging aan u om aan ons opnames deel te neem | Om die geleentheid te bied aan ’n verteenwoordigende monster individue om aan ons opnames deel te neem. | Geskakelde foonnommer (lukraak geskakel), posadres, e-posadres | Wettige belang of toestemming (soos van toepassing).<br><br>Ons het ’n wettige belang om ’n verteenwoordigende monster individue te kontak om hulle uit te nooi om aan ons opnames deel te neem.<br><br>Kantar of sy kliënt het u toestemming om u te kontak om u uit te nooi om aan ’n opname deel te neem. |
| Opnames | Om u menings oor sekere produkte en dienste te verstaan of u gedrag in verskillende situasies te verstaan.<br>Om antwoorde te bekragtig wat u in ’n onlangse opname gegee het wat ons uitgevoer het.<br>Om deelname te administreer, bv. prystrekkings, aansporings, vooraftake, ens.<br>Om deelnemers te herkontak, bv. vir deurlopende en opvolgopnames. | Unieke identifiseerder, kontakbesonderhede, e-posadres, stem, beeld, mening | Vrywillige deelname aan ’n opname waardeur ons u om u toestemming vra om u persoonlike inligting aan te wend. |
| Bedrogbeskerming | Beskerming van ons sakebelange teen bedrieglike gedrag. | IP-adres, blaaierspesifikasies, toestelspesifikasies, | Wettige belange – ons het ’n wettige belang om ons onderneming teen bedrog of |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | posadresse, e-posadresse | ander verbode gedrag te beskerm. |
| Uniekheid van deelname aan opname | Voorkoming van veelvuldige inskrywings by opnames deur dieselfde individue. | IP-adres, blaaierspesifikasies, toestelspesifikasies | Wettige belange – ons het ’n wettige belang om veelvuldige inskrywings deur dieselfde individu te voorkom. |
| Dataooreenkomstigheid en -verryking | Ons verryk die data wat ons op lêer oor u hou deur u persoonlike inligting in te pas met ander databronne en derde partye wat in databestuur spesialiseer. | Unieke identifiseerder, kontakbesonderhede, e-posadres, sosiale aanmelding, koekie, ID van mobiele toestel | Vrywillige deelname aan ’n opname waardeur ons u om u toestemming vra om u persoonlike inligting aan te wend. |
| Bestuur van telefoonopname-onttrekkings | Wanneer ’n individu versoek het om nie weer geskakel te word nie, hou ons sy of haar besonderhede om dit in werking te stel. | Naam en telefoonnommer | Wettige belange – ons het ’n wettige belang om die inligting te behou sodat ons aan die individu se versoek kan voldoen. |

Ons sal onsself of wat ons doen nooit wanvoorstel nie. Indien u ’n e-pos ontvang wat u kwel en wat voorgee om van ons af te kom, laat ons asseblief weet soos hier onder getoon word in “Hoe om ons te kontak”.

Ons het u gekontak om per telefoon, in die pos, van aangesig tot aangesig of aanlyn aan ’n opname deel te neem deur die volgende te doen:

- Lukraak aan u deur te klop.
- Lukraak u nommer met behulp van ’n lukrakenommerskakelaar (Random Digit Dialler of RDD) te skakel.
- U kontakbesonderhede by die kliënt te ontvang vir wie ons die opname uitvoer by wie u hetsy geregistreer is, van wie u produkte of dienste ontvang het of met wie u in die algemeen gehandel het.
- ’n Monster by ’n monsterverskaffer te koop.
- U inligting uit openbaar beskikbare hulpbronne te verkry.
- U kontakbesonderhede te ontvang by ’n werwer wat met u in kontak was.
- Of u het voorheen ingestem om geherkontak te word om moontlik aan verdere opnames deel te neem.

**Derde partye en dataoordrag oor grense heen:**

Ons win persoonlike inligting in en verwerk dit vir die doeleindes wat hierbo beskryf word, maar ons deel nie u persoonlike inligting met, of verkoop dit aan enige derde partye nie, tensy wetgewing dit vereis of u andersins daartoe ingewillig het.

U persoonlike inligting kan moontlik vir opnameverwante doeleindes soos dataverwerking en die vervulling van prystrekkings of ander aansporings ingewin, bewaar, oorgedra of verwerk word deur ons sustermaatskappye in die Kantar-groep of derdepartydiensverskaffers sowel binne as buite die land waarin u woon. Alle partye word kontraktueel verplig om enige inligting vertroulik te hou wat hulle inwin en aan ons bekendmaak of wat ons inwin en aan hulle bekendmaak, en moet dit beskerm deur veiligheidstandaarde en -praktyke wat gelykstaande aan ons eie is. Indien u persoonlike inligting oorgedra is na, bewaar word of andersins verwerk is in ’n grondgebied buite die land waarin u woon (soos toepaslik) en daardie grondgebied word nie erken dat dit ’n voldoende vlak van beskerming van persoonlike inligting bied nie, sal ons gepaste wetlike beveiliging daarstel. Voorbeelde hiervan is standaard- goedgekeurde kontraktuele klousules en ander tersaaklike gesag, samewerking met partye wat bindende korporatiewe reëls of ander intra-groepprosesse geïmplementeer het, en die verkryging van u toestemming om persoonlike inligting oor te dra waar die oordrag nodig is vir die uitvoering van ’n kontrak tussen ons of waar ’n kontrak namens u gesluit is, of waar die oordrag nodig is om regseise te vestig, uit te oefen of te verdedig.

**Vertroulikheid, veiligheid en bedryfsvereistes:**

Ons het gepaste tegnologiese en organisatoriese maatreëls ingestel om u persoonlike inligting te beskerm en neem alle redelike stappe om te verseker u persoonlike inligting word veilig verwerk. Alle inligting wat u aan ons verskaf, word in beveiligde bedieners en omgewings bewaar. Ongelukkig kan geen dataoordrag gewaarborg word dat dit 100% veilig is nie. Gevolglik, hoewel ons ons bes doen om u persoonlike inligting te beskerm, kan ons nie die beveiliging van enige inligting verseker of waarborg wat u self aan ons stuur of vanaf ons aanlyn produkte of dienste nie, en u doen dit op eie risiko. Sodra ons u oordrag ontvang, neem ons redelike stappe om te verseker ons stelsels is beveilig.

Al ons derdepartykontrakteurs, perseeldiensverskaffers en werknemers word kontraktueel verplig om ons beleide en prosedures in verband met vertroulikheid, veiligheid en privaatheid te volg.

Ons voldoen aan die volgende bedryfsvereistes:

- Die GDPR, Britse databeskermingswet van 2018, die EU GDPR, die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting Wet 4 van 2013, enige toepaslike plaaslike databeskermingswetgewing en enige daaropvolgende wetgewing wat moontlik met verloop van tyd gewysig kan word.
- Ons gehoorsaam die MRS en ESOMAR se professionele gedragskodes.

Ons kombineer u opname-antwoorde in ’n gegewe opname met die antwoorde van alle ander mense wat deelneem en rapporteer daardie gekombineerde antwoorde aan die kliënt wat die studie aangevra het, tensy aan een of meer van die volgende maatstawwe voldoen word.

Die enigste uitsonderings wanneer ons moontlik u persoonlike inligting of opname-antwoorde aan derde partye kan bekendmaak, is die volgende:

- U versoek of willig in dat u identifiserende inligting en/of individuele antwoorde vir ’n spesifieke doel met ’n derde party gedeel word.
- Wanneer ons u antwoorde aan ’n derdepartyverwerker verskaf wat kontraktueel verplig is om die inligting wat bekendgemaak is vertroulik te hou en dit slegs vir navorsings- of statistiese doeleindes aan te wend.

**Openbaarmakings oor koekies (slegs vir deelnemers aan aanlyn opnames):**

Koekies is klein tekslêers wat deur ’n webwerf op u rekenaar of toestel bewaar word wat ’n numeriese gebruiker-ID toewys en sekere inligting oor u aanlyn blaaiery berg. Dit word deur webontwikkelaars aangewend om gebruikers te help om doeltreffend deur hul webwerf te navigeer en sekere funksies uit te voer. Die webwerf stuur inligting na die blaaier, wat dan ’n tekslêer skep. Elke keer dat die gebruiker na dieselfde webwerf terugkeer, neem die blaaier hierdie lêer en stuur dit na die webwerf se bediener.

Ons gebruik nie koekies in ons eie standaard- aanlyn opnames nie. Waar koekies deur ’n vennoot se platform vereis word, word dit deur die platform se privaatheidskennisgewing of -beleid aangekondig.

Vir opnames wat gedrag naspeur, gebruik ons opsionele koekies of sagtewaretoepassings, maar slegs indien u spesifiek tot sulke koekies of toepassings ingewillig het.

Soos dit vir die meeste aanlyn opnames geld, win ons sekere inligting outomaties in en bewaar dit in die opname se datalêers. Hierdie inligting kan moontlik die volgende insluit: internetprotokoladres (IP-adres), blaaiertipe, internetdiensverskaffer (ISP), verwysings- of verlaatblaaie, bedryfstelsel, en datum- of tydstempel.

Ons wend hierdie outomaties ingewinde inligting aan om tendense soos blaaiergebruik te ontleed en om die webwerf te administreer, bv. om die opname-ervaring te optimeer na gelang van u blaaiertipe. Ons kan dalk

ook u IP-adres gebruik om na te gaan of daar veelvuldige deelnames aan die opname vanaf daardie IP-adres was.

**Akkuraatheid:**

Ons neem alle redelike stappe om u persoonlike inligting akkuraat, volledig, op datum en tersaaklik te hou, gegrond op die jongste inligting wat aan ons verskaf is. Indien u graag u persoonlike inligting wil bywerk, kontak ons asseblief met behulp van die besonderhede wat hier onder verskaf word.

Ons maak op u staat om ons te help om u persoonlike inligting akkuraat, volledig en op datum te hou deur ons vrae eerlik te beantwoord, en u is verantwoordelik om te sorg dat die verantwoordelike party (wat dalk ons kan wees maar meer dikwels die kliënt is) in kennis gestel word van enige bywerkings of veranderings aan u persoonlike inligting.

**Die inwinning van kinders se data:**

Ons nooi nooit wetend kinders jonger as 18 jaar om sonder toestemming aan opnames deel te neem nie. Indien dit nodig en gepas is vir ’n spesifieke projek om kinders jonger as 18 jaar regstreeks te betrek, tref ons maatreëls om te verseker die verantwoordelike volwassene het toestemming aan ons verleen. Ons verkoop nie kinders se persoonlike inligting nie.

**Die inwinning van spesiale inligting:**

Ons kan moontlik in ons opname vra om persoonlike inligting in te win wat as “spesiale kategorieë” persoonlike inligting geklassifiseer is. Daaronder tel rasse- of etniese oorsprong, politieke menings, godsdienstige of filosofiese oortuigings, of vakbondlidmaatskap, genetiese data, biometriese data vir die doel om ’n natuurlike persoon uniek te identifiseer, data in verband met gesondheid of data in verband met ’n natuurlike persoon se sekslewe of seksuele oriëntering. U sal altyd kan besluit of u hierdie data aan ons wil verskaf of nie sodat dit aangewend kan word soos beskryf word.

**Regte van individue:**

Om toegang tot persoonlike inligting te versoek wat ons oor u hou, moet u u geskrewe versoek rig na die e-posadres of posadres wat hier onder in “Hoe om ons te kontak” aangetoon word. Wanneer u ’n versoek indien, moet u aandui aan watter divisie van Kantar u die versoek rig (en byvoorbeeld u ID as paneellid of ander identifiseerder insluit).

Indien u ons kontak met behulp van ’n e-posadres of kontakbesonderhede wat ons nie op rekord het nie, sal u ook ’n afskrif van geldige amptelike identifikasie moet verskaf of een wat deur die regering uitgereik is (soos ’n bestuurderslisensie of paspoort).

U het die volgende regte in verband met u persoonlike inligting:

- Die reg om van plan te verander en u toestemming terug te trek.
- Die reg op toegang tot u persoonlike inligting.
- Die reg om u persoonlike inligting te korrigeer.
- Die reg om u persoonlike inligting op ons stelsels te skrap, tensy ons om wettige redes belang daarby het om voort te gaan om die inligting te verwerk.
- Die reg om u persoonlike inligting te dra (draagbaarheidsreg).
- Die reg om die verwerking van u persoonlike inligting te beperk.
- Die reg om teen die verwerking van u persoonlike inligting beswaar te maak.
- Die reg om nie teen gediskrimineer te word vir die uitoefening van enige van die regte wat ingevolge toepaslike databeskermingswetgewing vir u beskikbaar is nie.

KANTAR

Indien nodig sal ons enige ander partye aan wie ons u persoonlike inligting oorgedra het, soos ons verskaffers of diensverskaffers, inlig oor enige veranderings wat ons maak wanneer u 'n versoek rig. Hoewel ons met hierdie derde partye kommunikeer, moet u daarop let dat ons nie verantwoordelik is vir die stappe wat hierdie derde partye neem om op u versoek te reageer nie. U kan moontlik toegang verkry tot u persoonlike inligting wat deur hierdie derde partye gehou word en dit korrigeer, wysig of skrap wanneer dit onakkuraat is.

**Databerging en -behoud:**

Persoonlike inligting sal slegs behou word vir 'n tydperk wat vanpas is vir die bedoelde en wettige aanwending daarvan. In hierdie geval sal ons die data vir tot 12 maande behou, tensy ons andersins deur wetgewing verplig word. Persoonlike inligting wat nie meer benodig word nie sal mee weggedoen word op maniere wat verseker die vertroulike aard daarvan word nie in gevaar gestel nie.

As deel van die maatskappy se sakekontinuïteitsplan en soos vereis word deur ISO 27001-, ISO 9001- en ISO 20252-sertifisering waar dit gehou word, en in sekere gevalle wetgewing, word ons elektroniese stelsels gerugsteun en geargiveer. Hierdie argiewe word vir 'n vasgestelde tydperk in 'n streng beheerde omgewing gehou. Sodra dit verval het, word die data geskrap en die fisiese media vernietig om te verseker die data is geheel en al geskrap.

**Kennisgewing van materiële veranderings:**

Ons gaan ons privaatheidsbeleid gereeld na en dit kan moontlik soms gewysig word. Ons sal altyd die jongste beleid op hierdie webbladsy hê. Ons sal aanteken wanneer die beleid laas hersien is.

Datum geskep: 13/06/2011
Laas hersien: 28/09/2021

**Geoutomatiseerde besluitneming of profielskepping:**

Onder sekere omstandighede sal ons geoutomatiseerde besluitneming of profielskepping oor u uitvoer. In die meeste gevalle sal dit egter nie daartoe lei dat enige wetlik beduidende besluite oor u geneem word nie. U het die reg om appèl aan te teken indien enige geoutomatiseerde besluit wetlik beduidend is wat oor u geneem is. Kontak ons asseblief indien u enige vrae hieroor het.

**Hoe om ons te kontak:**

Indien u ontevrede is oor die manier waarop ons u persoonlike inligting verwerk het, sal ons graag die geleentheid wil hê om dit reg te stel. U kan ons kontak by PrivacyRSA@Kantar.com. U kan ook ons databeskermingsbeampte, Ravinder Roopra, kontak by DataProtection@Kantar.com. Ons databeskermingsbeampte monitor ons voldoening aan databeskermingswetgewing asook ons privaatheidsbeleid, en is ons kontakpunt vir die toesighoudende owerhede oor kwessies wat met die verwerking van persoonlike inligting verband hou.

**Klagtes en landspesifieke openbaarmakings:**

Indien u ontevrede is oor die manier waarop ons u persoonlike inligting verwerk het, sal ons graag die geleentheid wil hê om dit reg te stel. Kontak ons asseblief by info@kantar.com en ons sal sorg dat iemand met u in verbinding tree. U het egter die reg om 'n klagte by 'n toesighoudende gesag soos die Inligtingsreguleerder in te dien, wie se besonderhede gevind kan word by https://www.justice.gov.za/inforeg/contact.html.

Ons is 'n Kantar-groepmaatskappy. Ons geregistreerde naam en adres is Kantar South Africa (Pty) Limited, 4 Roggebaai Place, Foreshore, Kaapstad 8001